

13 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 6:19-23
Fokusgedeelte: Matteus 6:19-23

Ek getuig vir Christus met my gesindheid

“Julle sal my getuies wees” was van Jesus se laaste woorde aan sy dissipels voor Hy na die hemel opgevaar het (Hand. 1:8.) Daardie woorde was in werklikheid ’n opdrag aan sy kerk, aan elke gelowige.

Die wêreld waarin elke gelowige, dus jy ook, geroep is om getuie vir Jesus Christus te wees, is ’n baie verleidelike wêreld. In sy Bergrede leer Jesus, ons enigste Profeet en Leraar, ons om nie skatte op aarde bymekaar te maak nie. Met hierdie woorde bedoel Jesus dat ons nie ons verwagtinge in die wêreld sal stel nie. ’n Mens kan maklik verlei word om al jou verwagtinge in jou posisie, jou werk of jou besittings stel. Sodoende leef jy met ’n innerlike gesindheid wat nie op Christus gerig is nie, maar op die verganklike wêreld.

Jesus leer ons juis om nie ons verwagtinge in die wêreldse nie, maar in die hemelse te stel. Met sy kruisiging en opstanding het Jesus vir ons ’n “onverganklike, onbesmette en onverwelklike” erfenis verwerf (1 Pet. 1:4). Hierdie erfenis word vir ons in die hemel bewaar tot met Christus se wederkoms.

In jou hart, so leer Jesus, moet die verwagting op die hemelse leef. Stel daarom jou verwagtinge in die hemelse erfenis, waar Christus aan die regterhand van sy Vader is.

Hoe sal jy as gelowige die verleidelike wêreld met sy verganklike skatte kan weerstaan? Die Heilige Gees is ná Christus se hemelvaart uitgestort om ons te lei om ons innerlike gesindheid nie op die wêreldse nie, maar op die hemel te rig waar Christus is.

Jou getuienis vir Christus begin by jou gesindheid. Wees dan getuie vir Christus deur jou verwagtinge in Hom, jou Verlosser te stel.

Sing: Psalm 63:1, 3 (1936)

Ds. PJ Nel (Akasia)